# FAK Internasionale Afrikaanse Geskiedenisolimpiade Ronde 2

Graad 12

Die tweede ronde bestaan uit die volgende:

**Fase 1:** Skryf 'n opstel en maak 'n video. Dit moet teen **3 Augustus** ingestuur wees.

**Fase 2:** Die finale ronde 2-vraestel word op **29 Augustus** landwyd geskryf, by aangewysde punte wat later gekommunikeer sal word

## Fase 1: OPSTEL

Kies **EEN** van die volgende twee temas en skryf 'n opstel daaroor:

Opsie A: My familiegeskiedenis

Opsie B: As ek dít kon verander ...

## Opsie A: My familiegeskiedenis

Agter elke familiestamboom lê verhale van aanpassing, uitdagings en oorwinnings binne die groter ekonomiese en sosiale landskap van Suid-Afrika. Nou is dit jou beurt om jou familie se unieke storie van reis en vestiging te ontdek en te vertel.

**Wat jy moet doen:**

Vertel jou familie se storie!

As 'n graad 12-historikus is dit jou taak om jou eie familie se geskiedenis krities te ondersoek en binne die groter nasionale of internasionale historiese raamwerk te plaas. Onthou, goeie geskiedskrywing maak staat op primêre bronne, asook mondelinge oorlewering.

Voer 'n kort onderhoud met 'n ouer, grootouer of 'n ouer familielid waarin jy hulle oor jul familie se geskiedenis uitvra. Doen verdere navorsing om jou familieverhaal binne 'n breër konteks te plaas. Skryf nou 'n opstel van tussen 1 200 en 1 800 woorde waarin jy die verhaal van jou gesin en hul geografiese verskuiwings, lewens en impak oordra.

**Oorweeg die volgende om diepte en konteks aan jou skryfstuk te gee:**

- **Historiese konteks:** Skets 'n breër kontekstuele prentjie van die gebied, en die nasionale of internasionale omstandighede waarin jou voorouers hulself bevind het.
- **Geografiese oorsprong en migrasie:** Waar kom jou familie oorspronklik vandaan?

- **Genealogie (stamboom) en lewensomstandighede:** Wie was die sleutelfigure in jou stamboom? Identifiseer spesifieke name en beskryf die daaglikse lewensomstandighede van hierdie voorgeslagte.
- **Familie-erfenis en verhale:** Watter spesifieke staaltjies, tradisies, trauma, oorwinnings of belangrike gebeurtenisse is van geslag tot geslag oorgedra en vorm vandag deel van julle identiteit?

- **Beroepe en ekonomiese lewe:** Watter werk of ambagte het jou voorouers beoefen (byvoorbeeld boerdery, mynwese, onderwys, entrepreneurskap)?
- **Historiese gebeurtenisse en veerkragtigheid:** Watter groot historiese gebeurtenisse (soos oorloë, ekonomiese ineenstortings, epidemies) het jou familie eerstehands beleef? Vertel oor die uitkoms van daardie gebeurtenisse.
- **Nalatenskap en/of gemeenskapsimpak:** Vertel die storie van ’n familielid wat iets besonders gedoen het om ’n nalatenskap vir jou of die breër gemeenskap te verseker.
- **Gemeenskapsbydrae:** Op watter maniere het individue in jou familie ’n blywende impak op hul plaaslike gemeenskap, kerk, skool of kultuurorganisasies gemaak?
- **Persoonlike refleksie:** Watter waarde heg jy aan hierdie historiese nalatenskap, en hoe help dit jou om jou eie plek in Suid-Afrika vandag beter te verstaan?
- **Kritiese refleksie:** Hoe verander hierdie navorsing jou perspektief op die amptelike geskiedenisboeke van Suid-Afrika?

**Wenk vir ’n wenopstel:** Toon diepgaande navorsing deur historiese feite met persoonlike besonderhede, vertellings of aanhalings te kombineer. Oorweeg verskillende perspektiewe en verseker dat daar ’n logiese, chronologiese vloei in jou skryfstuk is. Toon kritiese denke deur te toon watter invloed die verlede op jou familie se posisie vandag gehad het. Stuur ’n paar bewysstukke saam – byvoorbeeld foto’s, briewe, dokumente, stemnotas – wat jou storie staaf.

***Of***

## Opsie B: As ek dít kon verander ...

Die geskiedenis word dikwels deur kritieke kruispaaie en oomblikke gevorm waar die besluite van individue of die uitkoms van ’n spesifieke konflik of gebeurtenis die verloop van die mensdom onherroeplik verander het. Dink terug aan die opwindende geskiedkundige tydperke wat jy reeds vanjaar bestudeer het. Verbeel jou dat jy in tyd kan terugreis en een spesifieke gebeurtenis, kritieke besluit of historiese uitkoms van daardie tydperk kan verander.

**Wat jy moet doen:**

Skryf ’n narratiewe historiese opstel van tussen 1 200 en 1 800 woorde.

- **Oorweeg die volgende om diepte en konteks aan jou skryfstuk te gee:**
    - **Historiese konteks:** Skryf ’n volledige maar bondige beskrywing van die spesifieke historiese tydperk en die politieke of sosiale klimaat waarin hierdie gebeurtenis afspeel.

- **Die oomblik van verandering (keerpunt):** Verduidelik presies watter historiese besluit, oomblik of uitkoms jy sou verander en wat jou alternatiewe aksie sou wees.
- **Motivering en kritiese ontleding:** Waarom beskou jy hierdie spesifieke oomblik as die deurslaggewendste faktor? Jou redes moet met sterk historiese insig gestaaf word.
- **Alternatiewe geskiedkundige verloop (oorsaak en gevolge):** Hoe sou hierdie enkele verandering die verloop van die geskiedenis beïnvloed het? Watter direkte en indirekte gevolge sou dit vir die betrokke gemeenskappe van daardie tydperk ingehou het in terme van magsbalans, die ekonomie en die daaglikse lewe?
- **Moderne impak:** Hoe sou hierdie verandering die geopolitieke landskap van die moderne Suid-Afrika en/of die wêreld transformeer?

**Wenk vir ’n wenopstel:** Wys kritiese en alternatiewe denke. Jou alternatiewe geskiedkundige verloop moenie bloot ’n fantasieverhaal wees nie; dit moet histories geloofwaardig wees en steun op akkurate feite, name en datums van die tydperk waaroor jy vanjaar geleer het. Jou vermoë om logiese historiese argumente buite die boks te bou, sal beoordeel word. Kreatiwiteit word beloon!

**Die opstel moet in Word-dokumentformaat na olimpiade@fak.org.za gestuur word.**

Die dokument moet ‘n Header bevat wat jou: Naam, Van, Graad, Skool, Provinsie en keuse van opstel bevat

*Bv. Megan Davies, 8, AHMP, Gauteng, Opsie A*

*Die volgende is wat nasieners in ag sal neem om jou opstel te merk:*

**OPDRAG 1: OPSTEL (100 PUNTE)**
**Beoordelingsrubriek**
**Kategorie Punte**

| | |
|---|---|
| Inhoud en onderwerpbegrip | 20 |
| Geskiedkundige feite en navorsing | 25 |
| Kreatiwiteit en oorspronklikheid | 15 |
| Logiese struktuur en vloei | 15 |
| Persoonlike insig, argument of storievertelling | 15 |
| Taalgebruik, spelling en aanbieding | 10 |
| **Totaal** | **100** |

***EN***

## Fase 1: Video – Geskiedenis leef

Geskiedenis leef voort in die hede, in elke beeld, argitektoniese styl of monument in die uithoeke van jou dorp of provinsie. Hier is jou geleentheid om daardie lewende geskiedenis as 'n ware historiese navorser vas te vang.

**Wat jy moet doen:**

Besoek 'n monument, standbeeld, historiese gebou of baken in jou omgewing. Neem ten minste twee foto's van die baken terwyl jy die struktuur bestudeer. Maak 'n kreatiewe video van 3 tot 5 minute waarin jy meer van hierdie baken of monument in jou omgewing vertel. Wat is die historiese gebeurtenis agter hierdie baken; hoekom is dit in julle gemeenskap van belang; en wat beteken hierdie baken nog vandag?

**Oorweeg die volgende om diepte en konteks aan jou video te gee:**

- **Titel & ligging:** Wat is die amptelike naam van die baken; wie het dit ontwerp/opgerig; en waar presies is dit geleë?
- **Historiese posisionering:** Identifiseer die baken, die historiese konteks van die oprigting daarvan, en die spesifieke argitektoniese of artistieke invloede. Wat simboliseer die spesifieke elemente of materiale van die struktuur?
- **Die sosiopolitiek van herinnering (perspektief en ideologie):** Wie se kollektiewe geheue word deur hierdie monument/baken beskerm? Ontleed hoe die struktuur destyds, indien van toepassing, as 'n instrument van politieke legitimering of nasionalistiese trots gebruik is. Watter stemme of marginale groepe is moontlik doelbewus uit hierdie fisieke narratief gesluit?
- **Erfenisbestuur en toekoms:** Evalueer die fisieke toestand van die monument/baken en verdedig die standpunt waarom die bewaring van historiese bronne soos dié vir toekomstige geslagte noodsaaklik is.

**Wenk vir 'n wenvideo:** Spog met jou **twee foto's** (of ander argivale kaarte en relevante dokumente) in die video, terwyl jy praat, om jou aanbieding visueel te verryk. Wees oorsponklik! Jy kan die kleredrag van die historiese tydperk dra en selfs rekwisiete gebruik. Moenie bloot die feite lees nie; wys jou passie vir geskiedenis en verras ons met jou kreatiwiteit, navorsing en aanbieding.

**Die video moet na olimpiade@fak.org.za gestuur word via WeTransfer!**

Om jou te help WeTransfer gebruik kyk : https://www.youtube.com/watch?v=gmzMsSCKj4E

Dokument Titel (vir albei video en opstel moet) :

**GO 2026: Leerder Naam en Van, Graad, Skool Naam , tipe**

*Bv. GO 2026: Megan Davies, 8, AHMP, video*

*Die volgende rubriek sal gebruik word om jou video te beoordeel:*

**OPDRAG 2: VIDEO-UITDAGING (100 PUNTE)**
**Beoordelingsrubriek**

| **Kategorie** | **Punte** |
|---|---|
| Geskiedkundige akkuraatheid en navorsing | 30 |
| Aanbieding en storievertelling | 20 |
| Kreatiwiteit en oorspronklikheid | 20 |
| Waarom die monument/baken bewaar moet word | 10 |
| Gebruik van feite, datums en historiese persone | 10 |
| Tegniese gehalte (klank, beeld en verstaanbaarheid) | 10 |
| **Totaal** | 100 |

Die beste inskrywings is dié wat goeie navorsing met kreatiewe aanbieding kombineer. Maak seker dat jou feite korrek is, jou bronne betroubaar is en dat jy trots is op die werk wat jy indien. Dit is belangrik dat dit jou eie, oorspronklike werk is.

**Ons sien uit daarna om jou unieke geskiedenisverhaal te ontdek!**